

Vinnige strepe



Hierdie patroon is baie maklik.

KOSTE: Sowat R100 elk

MATE

Om borsmaat van 87 – 92(97 – 102) cm lossies te pas.

Ware grootte: Bors: 120(130) cm

Lengte tot skouer: 72(74) cm

Moulengthe: 46(48) cm

Die oorspronklike rondelhalstrui is grootte 87-92 cm en word gedra deur 'n grootte 87-model. Die oorspronklike V-halstrui is grootte 97-102 cm en word gedra deur 'n grootte 102-model.

BENODIGDHEDE

Pingouin Jumbo (200 g-bolle):

Vir albei truië: 1 bol elk Magic blue (kleur-nr. 07, A), Sienna (02, B), Aran (01, C), swart (08, D), Geranium (05, E) en Taupe (03, F); Vir elke trui word slegs 5 bolle benodig, indien die trui in een kleur gebrei word.

Een paar elk Inox-breinaalde van 5,50 mm en 6,5 mm; Inox stekehouer.

Let wel: Tensy aanbevole breidraad gebruik word, kan Pingouin geen verantwoordelikheid vir die voltooide werk aanvaar nie.

SPANNING

13 ste en 18 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 6,50 mm-Ne

Die regte spanning is uiters belangrik. Indien daar minder steke in jou toetslappie is moet dunner, en indien te

foto WILLEM DE LANGE; stilerling LIESL SCHOEMAN; hare en grimering DEIRDRE VAN PROFESSIONAL BOOKINGS; modelle MARIUS VAN PROMOD EN ANNI VAN THE MODEL CO; langbroeke van STUTTAFORDS; skoene van EARTHBOUND (012) 663-1737; patroon en ontwerp PINGOUIN; patroon versorg deur SJOUKJE JORDAAN.

Ons dank aan The Courtyard at Arcadia (012) 342-4940 vir die gebruik van die hotel.

Brei vir jou en hom elk 'n prettige strepetrui. Die wol is ekstra dik sodat die breiwerk lekker vinnig vorder. Deur Riana van der Merwe

veel, dikker breinaalde gebruik word.

AFKORTINGS

adl – agter deur lus

alt – alternatiewe

aw – brei aweregs

beg – begin

gr2tgso – glijp 1 st, brei 2 ste regs
tesame, trek glijpsteek oor

herh – herhaal

ks – koussteek (een ry regs, een ry
aweregs)

N(e) – naalde

oorbl – oorblywende

pat – patroon

r – brei regs

rif – riffelsteek, r1, aw1

R(V)K – regte (verkeerde) kant van
werk

st(e) – steek(steke)

tes – tesame

vermeer – vermeerder

vermin – verminder

vlg – volgende

weersk – weerskante

STREEPVOLGORDE

*6 rye B (1 ry A, 1 ry C) 4 keer, 2 rye D, 2
rye E, 2 rye C, 2 rye E, 2 rye C, 2 rye E, 4
rye A, 4 rye F, 4 rye D, 4 rye F, 2 rye B, 2
rye F, 2 rye B, 4 rye E, 2 rye C, 4 rye D =
58 rye. Herh van *

Rondehalstrui

AGTERPANT

Gebruik 5,50 mm-Ne en A en stel 73(79) ste
op, brei 3 cm rif, eindig met 'n RK-ry.

Vlg (vermeer) ry: 1 ry aw aan VK en ver-
meer 7 ste, eweredig gespaseer, oor die ry
– 80(86) ste.

Slaan oor na 6,50 mm-Ne en brei reguit in
streef-pat ks, tot werk 72(74) cm lank is
vanaf beg, eindig met 'n VK-ry, en heg alle
ste lossies af.

Merk middelste 26 ste met 'n gekleurde
draad om halsopening aan te dui.

VOORPANT

Soos agterpant tot werk 66(68) cm lank is
vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

Halsvorming: r33(36) ste, plaas op 'n
stekehouer, heg vlg 14 ste af, brei tot
einde.

Linkerskouer: Brei 1 ry. Heg 3 ste af aan
beg (= halsrand) van vlg ry, 2 ste aan die-
selfde rand van vlg alt ry en 1 st aan beg
van daaropvlg alt ry – 27(30) ste.

Brei reguit tot werk 72(74) cm lank is vanaf
beg, eindig met 'n VK-ry, en heg oorbl ste
af om skouer te voltooi.

Regterskouer: Met VK voor, heg werk-
draad aan halsrand van oorbl ste vas, tel ste
op stekehouer op N en brei soos uiteengesit
vir linkerskouer, maar met omgekeerde
vorming.

MOUE (2)

Gebruik 5,50 mm-Ne en A, stel 31(33) ste op
en brei 4 cm rif, eindig met 'n RK-ry.

Vlg (vermeer) ry: 1 ry aw aan VK, en ver-
meer 3 ste eweredig gespaseer oor die ry –
34(36) ste.

Slaan oor na 6,50 mm-Ne en gestreepte ks,
vermeer 1 st aan weersk van vlg ry en elke
daaropvlg 4e ry 18(19) keer altesaam – 70-
(74) ste.

Brei reguit tot werk 46(48) cm lank is
vanaf beg, eindig met 'n VK-ry, heg
alle ste af.

AFWERKING

Blok alle pante volgens mate, bedek met 'n
klam lap en laat droog word. Werk regter-
skouernaat toe.

Halsstrook: Met RK voor, 5,50 mm-Ne en
A, tel op en r44 ste uit halsopening aan
voopant en 28 ste uit halsrand van agter-
pant – 72 ste.

Brei 3 cm rif, eindig met 'n VK-ry, heg alle
ste rifsgewys af.

* Werk linkerskouernaat en halsstrooknaat
aaneenlopend toe. Plaas merkers 28(29) cm
aan weersk van skouernate. Werk mou-

koppe tussen merkers vas.
Werk sy- en mounate toe.

V-Halstrui AGTERPANT

Soos rondehalstrui, maar merk middelste 24
ste met 'n gekleurde draad om halsopening
aan te dui.

VOORPANT

Soos agterpant tot werk 52(54) cm lank is
vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

Halsvorming: r40(43) ste, en plaas hulle op
'n stekehouer, brei op oorbl ste.

Linkerskouer: Brei 1 ry. Heg 1 st af (r2tes)
aan beg van vlg ry en daarna afwisselend in
elke 4e en 2e vlg ry, 11 keer altesaam – 29(32)
ste. Brei reguit voort tot werk 72(74) cm lank
is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry, heg oorbl
ste af om skouer te voltooi.

Regterskouer: Met RK voor, heg werkdraad
aan halsrand van oorbl ste vas, tel ste op
stekehouer, en brei soos vir linkerskouer, maar
met omgekeerde vorming.

MOUE

Soos vir rondehalstrui.

AFWERKING

Blok alle pante volgens mate; bedek met 'n
klam lap en laat droog word. Werk regter-
skouernaat toe. **Halsboordjie:** Met RK voor,
5,5 mm-Ne en A, tel op en r37 ste uit linker-
halsrand van voorpant, 1 st middelvoor en 37
ste uit regterhalsrand van voorpant, 24 ste
van stekehouer aan agterpant – 99 ste.

Let wel: Die middelsteek aan voorpant moet
deurgaans regs aan RK en aw aan VK gebrei
word. Brei aw2tes aan weersk van middel-
steek in elke VK-ry.

1e (VK) rif-ry: (r1, aw1) 29 keer, aw2tes,
aw1, aw2tes, (r1, aw1) tot einde.

Brei nog 4 rye rif; hou middel-vermin aan
voorpant deurlopend. Heg rifsgewys af.

Voltooi daarna soos uiteengesit vir rondehals-
trui van * tot einde. □